J.D.LEGGE
*Sukarno, A political biography*
London, Sydney, Boston, etc
Allen & Unwin
1990, second impression
429pp
Sin $19.90
ISBN 086861-4637

Die Republiek Indonesië omvat die grootste eilanderyk ter wêreld met tans 200 miljoen inwoners, die vyfde talrykste nasie ter wêreld. Daarom verdien die belangrikste stigter van die Republiek in 1945, Sukarno, aandag buite sy land. Die Noord-Amerikaan, prof. J.D. Legge van die Monash University, het in 1984 'n boeiende biografie van Sukarno geskryf, dit herskryf en in 1990 gepubliseer. Hy bespreek Sukarno se afkoms

van 'n Javaanse Moslem-onderwyser, sy opleiding in Nederlandse skole, afgesluit in die Tegniese Kollege te Bandung, sy politieke aksie teen die Nederlandse bewind oor Oos-Indië, sy verbanning deur die Nederlandse-Indiese regering en bevryding deur die Japanse besetter in 1942, sy dienste aan die besetter en die uitroeping van die Republiek op 17 Augusuts 1945, twee dae na die oorgawe van Japan. Na vier jaar se onderhandelinge en oorlog het Nederlandse strydkragte die Republiek beset en president Sukarno en sy ministers na Banka verban. Maar onder internasionale druk moes Nederland oorlogsmoeg in 1949 die Republiek herstel, die regering daarvan na Java terugbring en die soewereiniteit aan die regering oordra. Die twee regerings het tot 1962 getwis oor die besit van Wes-Nieu Guinee. Onder internasionale druk het Nederland in 1962 ook dié gebied aan Indonesië afgestaan.

Legge het 'n objektiewe biografie van Sukarno, vader van die Republiek Indonesië, geskryf en verswyg nóg sy deugde, nóg sy gebreke. Hy tipeer Sukarno as ydele sjarmeur met veel charisma wat die meeste Indonesiërs aangetrek het. Hy was 'n besonder handige politikus en het die onderling twistende groepe en partye teen mekaar uitgespeel, maar die militêre leiers nooit geheel ingepalm nie. Hy was geen versiende staatsman nie en het geen begrip en belangstelling vir ekonomiese vraagstukke gehad nie. Legge meen dan ook dat sy bewind staatkundig en ekonomies vir Indonesië 'n ramp was en tot sy val gelei het. Staatkundig het hy hom van Westerse moondhede en hulp gedistansieer, toenadering tot kommunistiese lande soos Viëtnam en Sjina gesoek. Ook sy ekonomiese beleid het sy land geïsoleer. Hy het in 1957 alle Nederlanders verban en Nederlandse en Britse eiendomme onteien. Die inflasie het handuit geruk en Westerse kapitaal, hulp en toeriste het weggebly.

Legge verduidelik hoe hierdie wanbeleid tot Sukarno se val in 1965 gelei het. Op 30 September 1965 is 'n staatsgreep van die deur Sukarno begunstigde kommuniste deur die leër onder generaal Suharto moeiteloos onderdruk. Suharto het in 1967 die presidentskap van Sukarno oorgeneem en hom geïnterneer. Sukarno is in 1970 oorlede.

Legge het tot nou toe die beste biografie van Sukarno geskryf. Maar hy toon min aandag en geen simpatie jeens die Nederlandse bewind oor Oos-Indië. Hy verwys in sy bibliografie uitsluitend na bronne in Engels en noem geen enkele Nederlandse bron nie. Dit is 'n opvallende tekortkoming.

C. DE JONG
University of South Africa